# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS



No. 32

## Die skatte van Monomotapa

GERRIE RADLOFF

En dan, tot sy onsteltenis, hoor hy die geklap van perdepote agter hom. Nie vir 'n oomblik twyfel hy daaraan dat dit Krynauw is wat langer by die kamp vertoef het as wat hy verwag het nie. Dit plaas hom in 'n netelige posisie: Krynauw agter en Komutu voor.

Sy eerste reaksie is om die perd uit die pad te pluk maar hy besin hom skielik. Kraster kom openlik aangejaag. Komutu verwag hom dus. Komutu sal nie sonder meer begin skiet nie.

Met een sprong is Kobus in die saal. Hy kap die arme dier 'n geweldige hou in die lieste en met kragtige spronge is die perd binne oomblikke in volle vaart.

Stofomslag: Chris du Plooy



INHOUD

Hoofstuk Bladsy

1. Moord by die drif ........................................ 3

2. Die Tweede Waarskuwing ............................15

3. Aanranding in die bos ...............................26

4. Die Lokval .................................................38

5. Twee Alleen! ..............................................50

6. Vasgekeer! ..................................................61

7. Die Dood Wag Oral ....................................71

8. Die Donker Pad ...........................................82

Hoofstuk 1

## MOORD BY DIE DRIF

,,As Jarvis sy kop by daardie gat uitsteek,'' sê die slank blas man gedemp, ,,en hy deel ons mee dat hy iets daar onder gevind het, sal hy moet sterf.''

Sy maat kyk vinnig na hom. Daar is 'n onseker blik in sy oë asof hy nie weet of hy dadelik met hierdie voorneme behoort saam te stem nie. Hy is groot en fris, met breë skouers en 'n massiewe bors. Die bruingebrande voorarms wat by die kort moue van die oopnekhemp uitsteek, is dik en harig. Sy oë sit na aanmekaar onder sy plat voorkop en die uitdrukking daarin is leeg en slaafs terwyl hy na die ander man kyk.

,,Jy sê hy moet sterf, Rocco?'' verneem hy huiwerig.

,,Natuurlik.'' Die woord is sag en sissend. Sy oë is nou getrek bo die hoë wangbene en flits van 'n gloed wat koud en skrikwekkend is. Dit laat sy gelaatstrekke skerper voorkom as wat dit reeds is. ,,Ons het dit tog al genoeg bespreek. Vind hy iets waardevols, moet hy uit die weg geruim word, en eien ons dit vir ons self toe. En luister, Kraster, as jy my weer Rocco noem, slaan ek daardie plat gesig van jou nog 'n ent platter! My naam is Rodrique! Onthou dit, asseblief.''

,,Maar ons is mos nou alleen, Roc. . . Rodrique.''

,,Al is ons, maak dit nog nie saak nie. Elke bos, elke klip, kan ore hê. Rocco del Siva is feitlik 'n huishoudelike woord. Die hele wêreld soek na my. Ek. . .''

,,Maar jy is veilig hier, Rodrique,'' val Kraster Krynauw hom in die rede. ,,Niemand sal in die wildernis van Noord-Transvaal na jou kom soek nie. Jy was laas in Lourenco Marques gesien.''

,,Dit weet ek!'' werp Rocco terug. ,,En jy sal my seker nou ook wil vertel dat jý my die geleentheid geskenk het om hier te kom skuil onderwyl die jag op my effens bedaar. Jý is mos kastig die een wat deur prof. Jarvis aangestel is om sy safari, soos hy dit noem, te behartig en jý het my goedgunstiglik die pos as jou assistent

aangebied.''

,,Maar dit is alles waar, Rodrique,'' antwoord Kraster verontwaardig. Hulle was kort op jou hakke in Lourenco Marques. Prof. Jarvis wou in hierdie streke kom opgrawings doen en hy was begerig om sy bewegings geheim te hou. Dit is mos 'n wonderlike geleentheid. . .''

,,'n Goeie geleentheid,'' sny Rocco in, ,,om skuil te hou en tegelykertyd munt daaruit te slaan. Ek is nie van plan om toe te laat dat enigeen my planne omvergooi nie. Ek het jou twee keer in Johannesburg te hulp gekom. Ek is die een wat jou oor die grens na Portugees-Oos-Afrika gekry het. Jy is dus meer aan my verskuldig as ek aan jou. Intussen neem jy dus bevele van my.''

,,Maar natuurlik, Rodrique,'' verseker Kraster hom haastig. ,,Ek is heeltemal eens met jou besluit.''

,,Gaaf.'' Rocco del Siva wend sy blik terug na die donker gat in die grond 'n entjie voor hulle. ,,As Jarvis iets daar onder vind, sal ons hom onskadelik moet maak.''

,,Is dit nodig om hom dood te maak, Rodrique?''

,,Hoekom nie?'' antwoord Rocco heel bedaard. ,,Maar miskien sal ons hom maar laat lewe. 'n Mens weet nooit hoe en wanneer jy hom nodig kry nie.''

Hulle hoor los gruis en klippers onder in die gat rol. Hulle hou op met praat.

Die son steek skerp so kort na die middag. Die aarde is droog en daar is barste tussen die lae bossies waarvan die blare soos stywe bruin papier ritsel wanneer 'n voëltjie daarin of 'n veldmuis daaronder probeer skuiling soek teen die felle sonstrale.

Langs die gat is klippe opgestapel wat jare, eeue gelede ru gevorm is. Oral rondom die twee mans lê tekens van 'n klipstad wat in vergange jare hier tussen die kliprantjies gebou is. 'n Entjie van hulle af slaan bruin stof lomerig op waar frisgeboude swartes met blink swetende velle die harde klei oppik.

Rocco en Kraster ondervind gedeeltelik dieselfde en gedeeltlik verskillende gewaarwordinge toe 'n middeljarige man sy kop vlakvoor hulle uit die gat steek. Sy breë voorkop is nat van die





sweet; sy hare is reeds effens grys, maar sy oë vonkel met 'n diepte van gevoel wat alleen kan ontstaan wanneer 'n ware navorser sy doel na jare van swoeg en sweet bereik het.

,,Uiteindelik!'' roep professor Jarvis verheug uit. ,,Uiteindelik is ons binne bereik van iets wat vir my tot op hierdie oomblik maar nog net 'n teorie was.'' Hy skud die stof van sy klere af. Daar is sand en spinnerakke op sy hare, oor sy voorarms en teen sy broek. Sy hande, sy knieë, sy skoene is bedek met slymerige modder wat onvanpas voorkom in die dorheid rondom die gat.

Hy glimlag. Hy kyk goedig na die twee mans voor hom. Kraster staar hom met openlike verslaentheid aan. Rocco se gelaatstrekke het meteens gesak en die intelligensie het uit sy oë verdwyn. Van die twee wil dit op hierdie oomblik voorkom asof Kraster beslis die leier is.

,,Maar natuurlik sal julle nie verstaan nie,'' vervolg Jarvis. ,,Ek het julle tot dusver nog baie min van my doen en late vertel.'' Weer glimlag hy verontskuldigend. ,,Dit is miskien omdat ek maar onseker was van my feite. Sóveel van my vriende het die spot met my gedryf en my verseker dat ek my tyd mors, dat ek nie graag wou laat uitkom wat my werklike doel in die land is nie. Nou egter staan ek op die drumpel van sukses. Kom!'' roep hy opgewek uit. ,,Kom geniet 'n drankie saam met my by my tent en daar sal ek julle alles vertel.''

Hy stap vooruit. Rocco het die twee plat klippe met die eienaardige merke daarop wat Jarvis so versigtig hanteer, onderlangs dopgehou. Met die eerste oogopslag was dit vir hom duidelik dat hulle die direkte oorsaak van Jarvis se ingenomendheid is, tog toon hy doelbewus geen belangstelling daarin nie en vra hy nie 'n enkele vraag nie.

Onder die groot seil wat langs die tent gespan is, neem hulle om 'n plat tafel op riempiestoele plaas. Die voorrade en gereedskap is deur gehuurde vragmotors tot by 'n naburige plaas hier diep in die verlate wildernis, 'n paar kilometer ten suide van die Limpopo vervoer. Daarvandaan is dit deur die swartes gedra en is die kampe hier opgeslaan.

Jarvis was sy gesig en hande en sluit by hulle aan. Hy plaas die twee plat klippe op die tafel voor hom en dit is asof hy nie sy oë daarvan kan afhou nie.

,,Hierdie merke,'' begin hy sonder meer, ,,is 'n Arabiese skrif. Dit kom volmaak ooreen met dié op sekere dokumente wat ek gedurende opgrawings in Arabië ontdek het. Maar soos ek pas gesê het,'' en daar is nou 'n gloed van oorwinning in sy oë, ,,het geskiedkundiges en argeoloë my teorië verwerp. Gelukkig is ek in staat om myself te finansier en kon ek hierdie reis op eie koste doen. Ek het hulle maar laat praat en vandat ek in Lourenco Marques geland het, het ek my planne geheim gehou—maar dit weet julle self. Nou, egter, sal ek my ontdekking aan die wêreld verkondig. Dit is die oplossing van 'n baie ou legende—een van die oudste in Afrika—die skatte van Monomotapa!

,,In die dae van die Voortrekkers was daar baie van die jong fortuinsoekers wat die legendes van die magtige koning Monomotapa gehoor het. Hulle het tevergeefs na die verborge skatte gesoek. Selfs vandag nog duik die ou legendes telkens op. In elk geval, om van voor af te begin: volgens die dokumente wat ek in Arabië ontdek het, was daar jare gelede 'n uiters winsgewende ivoorhandel met die inboorlingstamme in hierdie streke. Daar was onder andere die Naraleti-stam waarvan dikwels melding gemaak word. Die koning van die Naraleti's was ene Montapi. Volgens wat ek kon uitmaak, was hy 'n taamlike eksentrieke inboorling. Sy groot obsessie in die lewe was die versameling van alles wat blink is, wat skitter en wat klink soos klokkies en glas en harde metale. Eers het die Arabiere daarin geslaag om winskopies by hom te doen. Vragte ivoor is teen bespotlike pryse uit die stat van Montapi weggevoer.

,,Maar ongelukkig vir hulle was daar in daardie dae, net soos nou, kompetisie tussen die handelaars. Die een het Montapi groter geskenke aangebied as die ander en mettertyd het die geslepe inboorling agtergekom wat werklik waardevol was in die oë van die handelaars. Die gevolg was dat hy binne enkele jare 'n fortuin van edelgesteentes en goue en silwerornamente bymekaargemaak het.





Blykbaar het hy dit in sy skatkamers opgehoop en kon hy ure lank daarna sit en kyk en daarmee speel. Dit het vir hom geen ander waarde gehad nie.

,,Uit kennis wat hy van die Arabiere opgedoen het, het hy egter hierdie klipstat gebou. Daar was selfs riole en ,strate' tussen die hutte. Vir riole het hulle slote in die grond gegrawe en plat klippe skuins teenmekaar soos 'n dak daaroor geplaas.

,,Ek het die ligging van die stat uit die Arabiese dokumente vasgestel. Ek het afleidings gemaak en besluit dat die naam Monomotapa werklik van Montapi afkomstig is. Dadelik het ek voorbereidings getref om hierdie stat te soek en opgrawings te doen. Soos ek egter reeds gesê het, het ek my maar as 'n prospekteerder voorgedoen omdat ek nie aandag op my wou vestig voordat ek 'n redelike mate van sekerheid bereik het nie.'' Hy raak liggies aan die klippe op die tafel. Hy glimlag opgewek. ,,Hoewel dit 'n rukkie sal neem om hierdie geskrif te ontsyfer, is daar 'n plan op een van die klippe geteken wat die ligging aandui van 'n paar kelders net soos die een wat ons vanoggend ontdek het. Daarin sal die skatte heelwaarskynlik gevind word.''

Hy sug voldaan. Hy leun agteroor teen een van die pale waaroor die seil gespan is.

,,U sê dus,'' begin Kraster ewe geselsend, ,,dat die skatte heelwaarskynlik uit edelgesteentes en ornamente van goud en silwer sal bestaan?'' Hy is onbewus van die vinnige en verergde blik wat Rocco op hom werp.

,,Ek dink so, Kraster,'' antwoord Jarvis ingenome. ,,Ek verwag egter ook dat meeste daarvan miskien nie veel geldwaarde sal hê nie, maar wel van groot geskiedkundige belang sal wees. Ek sal natuurlik alles aan museums en argiewe skenk.''

Rocco kan 'n glimlag skaars bedwing, dog laat hy niks merk nie. Hy sit maar stil met sy halfgeslote oë wat geen aanduiding gee hoe noukeurig hy die gesprek volg nie.

,,Dan is ons werk ook binnekort hier voltooi, Professor?'' verneem Kraster weer.

,,Ja, ek meen so. Ek sal vanmiddag 'n paar briewe skryf en môre

'n boodskapper stuur om dit te laat pos. Ek sal die gesaghebbendes in Johannesburg daarvan in kennis stel en ook my kollegas oorsee. Ons sal moet reël vir vragmotors sodra ons weet hoe groot die vrag sal wees. Maar daardie deel van die reëlings is natuurlik in jou hande, Kraster."

Hulle staan op. Jarvis buk by die tent in en dadelik leun Rocco oor die twee klippe en beskou die lyne daarvan aandagtig. Hy gee pad en leun ongeërg teen 'n paal toe Jarvis weer tevoorskyn kom. Die professor het 'n lap van sagte materiaal waarmee hy die klipoppervlakte versigtig afvee.

,,Laat die swarte maar ophou grawe daar anderkant, Kraster," versoek Jarvis dan. ,,En van grawe gepraat, ons sal van die eienaar van die grond—of liewer die eienares—toestemming moet kry om die opgrawings te doen." Hy glimlag amper weemoedig. ,,Skaars twee maande gelede het ek toestemming van mnr. Botha gekry om my navorsing hier te doen. Ek sal hom graag eerste wou vertel het dat hy hier in die nabyheid van 'n legende geleef het en die grond besit het wat vroeër aan die Naraleti-stam behoort het—die stam wat jare gelede reeds deur die veglustige Matabeli verwoes is." Hy sug. ,,Maar daarvoor is hy 'n maand te vroeg oorlede. Ek wonder of juffrou Lettie al 'n voorman gevind het."

Na nog 'n paar woorde verlaat Kraster en Rocco die professor. Hulle stap in die rigting van die swarte wat die stof uit die aarde pik.

,,Ons sal moet wag totdat hy daardie geskrif ontsyfer het," meen Kraster.

,,Wag?!" roep Rocco vererg uit. ,,Wil jy hê ons moet wag totdat wetenskaplikes uit elke hoek van die wêreld op ons toesak? Totdat elke nuuskierige sy neus hier kom insteek? Jy het gehoor dit is Jarvis se plan om briewe aan die buitewêreld te skryf en hulle van sy ontdekking te vertel." Hy skud sy kop. ,,Ons pak Jarvis net vanaand."

,,Maar wie sê ons vind die skatte? Wie sê dit is werklik. . .?"

,,Al kon ek nie lees wat daar geskryf is nie, is die plan op die klippe heel eenvoudig. 'n Babatjie kan dit verstaan."

,,Maar Rocco," begin Kraster steeds versigtig en hy deins ef-





fens terug toe Rocco hom woedend aangluur.

,,Nog een van daardie ,Rocco's', sis hy deur sy tande, ,,en ek kan dalk besluit dat jy 'n gevaar vir my bestaan is!"

,,Daar is 'n paar kelders hier onder ons iewers," val Rocco hom in die rede. ,,Ons grawe net tonnels weerskante toe uit die een wat Jarvis ontdek het en daar sal ons die skatte van Monomotapa vind."

,,Maar dit is nie daaroor wat ek bekommerd is nie," begin Kraster weer. ,,Wat van die swart werkers? Wat gaan hulle sê as Jarvis verdwyn?"

,,Dink jy dalk ek is aan die slaap? Komutu is my getroue slaaf. Jy weet self dat hy die ander met 'n ysterhand regeer. Hulle is vir hom so bang soos vir die duiwel. Hy sal enigiets doen vir 'n paar misrabele pennies. Ons moet net eenvoudig so gou as moontlik nadat ons met Jarvis afgereken het, die skatte vind en padgee."

,,En sê nou die plaasmense kom ons besoek—kom ondersoek instel?"

,,Hulle wantrou ons nie. Ons sal hulle sê dat Jarvis Johannesburg toe is of so iets. Gaan sê nou vir jou volkies daar anderkant dat hulle nie verder hoef te grawe nie. Kom dan na die tent sodat ons planne kan bespreek. En laat Komutu na my toe kom."

Kraster gehoorsaam met die gedienstigheid van iemand wat nooit weet wanneer hy 'n ander werklik tevrede stel nie. Reeds is dit vir hom gedurende die afgelope weke moeilik om die rol van voorman oor Rocco te speel. Rocco vlug vir die gereg, maar selfs die gereg weet nie soveel omtrent Rocco soos Kraster self nie. Daar is van sy misdade wat nog nooit aan die lig gekom het nie

Komutu stap vinnig na Rocco se tent. Hy het die dik lippe van die swarte, maar sy oë is op nou skrefies getrek en amper so uitdrukkingloos soos dié van Rocco del Siva self.

Sonder verduideliking en sonder om doekies om te draai, stel Rocco sy eise aan Komutu. Soos gewoonlik sal die drie blankes teen skemeraand 'n skemerkelkie onder die seil geniet. Dan moet Komutu sorg dat die swartes almal onder die oog uit is.

Komutu stel geen vrae nie. Hy knik net. Hy verstaan hierdie

man. Hy weet dat hy beloon sal word.

Komutu gaan terug na die ander swartes. Onder die skerms wat hulle eenkant teen 'n randjie gebou het, ontspan hulle lui-lekker in die koelte wat dit verskaf. Jarvis het hulle laat weet dat dit nie nodig sal wees om verder te werk totdat hy die Arabiese skrif ontsyfer het nie.

Rocco en Kraster gesels op fluistertoon in die tent. Af en toe loer Kraster by die tentkappe uit en hy sien waar die professor oor die twee plat klip-dokumente geboë sit, versonke in die stryd om die geheime daarvan te ontrafel.

Stadig sak die son. Dit is onderwyl Kraster deur die kamp stap om te kyk of alles in orde is, dat Jarvis hom en Rocco roep om by hom aan te sluit. Lank gesels hulle en dit is skemeraand toe Rocco 'n keer 'n draai stap en opmerk dat Komutu die volkies in 'n groep rondom hom het en dat hulle blykbaar met die een of die ander speletjie besig is. Digby is vure opgesteek waar een of twee ander die aandete voorberei. Vanwaar hulle is, kan Jarvis se tent nie gesien word nie.

Daar is egter een van die swartes wat nie by die groep aangesluit het nie. Sowêli is prof. Jarvis se persoonlike lyfbediende. Hy behoort aan 'n stam in Portugees Oos-Afrika en is die enigste van die swartes wat saam met Jarvis oor die grens gekom het. Hy het nog nie daarin geslaag om met die ander vriende te maak nie en gewoonlik is hy maar alleen en vermaak hy homself.

Waar hy nou op die rantjie bokant die ander lê en oor die uitgestrekte vlaktes tuur onderwyl hy dink aan die strooihuis van sy vader wat so ver van hom af is, sien hy die witman wat daar op die rotsblok verskyn en die kampvure dophou. Sy blik volg hom onderwyl hy teruggaan na die tent waar die professor en die blanke voorman onder die seil sit. Dit is nog heeltemal lig genoeg sodat hy selfs hul gelaatstrekke kan uitken. Sonder om werklik belang te stel, kyk hy 'n rukkie na hulle voordat hy weer die skerp belynde rante in die weste beskou asof hy hunker om anderkant hulle te wees. Of dit die beweging is wat hy net uit die hoek van sy oog gewaar het en of dit 'n skielike voorgevoel is, weet hy nie, maar





skielik swaai hy sy kop om en staar stip na die drie witmanne onder die seil.

Die spiere onder sy blink swart vel verstyf. Hy sien hoe die massiewe voorman stadig, amper ongeërg agter die professor intree onderwyl Jarvis met die ander gesels.

En dan gebeur dit. Die dik voorarm gaan omhoog en met 'n geweldige hou tref Kraster die professor tussen sy nek en sy skouer. Van waar Sowêli lê, kan hy nie 'n geluid hoor nie, maar Jarvis sak vooroor op die tafel en lê roerloos.

Rocco spring op. Behendig bind hy 'n lap oor Jarvis se mond en maak hy sy hande en voete vas met tou wat hy van iewers tevoorskyn gebring het. Sonder versuim sleep hulle die professor by die tent in.

Sowêli se mond het oopgegaan om uit te roep. Hy wou opspring en sy meester te hulp snel, maar iets hou hom daar vasgeanker. Hy kyk af en vind Komuti se blik op hom gerig.

,,Sowêli!'' roep die swart voorman uit. ,,Waarom lê jy daar? Kom speel hier saam.''

En dit is asof Sowêli 'n klank in die ander se stem hoor wat die bloed in sy are laat koud word. Met die intuïsie van 'n kind van die veld voel hy dat Komutu weet wat daar by die tent gebeur. Dit is daarom dat die werkers almal hier bymekaar is, want vanmiddag het hy Komutu daar by die tent van die een witman sien gesels.

En ook het Sowêli die agterdog in Komutu se stem gehoor—asof Komutu meteens bevrees is dat Sowêli dalk kon gesien het wat aan die gang is. Sowêli is ver van sy huis. Hy is alleen tussen hierdie ander. Hy weet dat hulle nie baie van hom hou nie. As hy nie veronderstel was om te sien wat hy pas gesien het nie, sal hy van vannag af met oop oë moet slaap!

Dit flits deur hom dat hy moet vlug—hy weet van die plaas wat hier naby is. Hy moet hulp ontbied.

Maar as Komutu agterdog koester, sal hy hom dophou. Hy sal opmerk sodra Sowêli nie meer tussen hulle is nie. Hulle sal hom agternasit. Daar is baie van hulle en hy is maar een!

Hy staan op en rek hom uit. Hy klim teen die rantjie af en gaan sit